

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 3

25 Januarie 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

DANKIE
Baie dankie aan almal wat my sesde verjaarsdag by Laerskool Newtonpark so aangenaam gemaak het. Ek waardeer elke vriendelike boodskap en gelukwensing.

SNOEPIE-HULP EN PRYSLYS
Ons soek dringend hulp by die skool se snoepie. Die snoepie maak staat op ouerhulp om te kan funksioneer. Persone beskikbaar kan Christa Slabbert by 076 6873 699 skakel.

Die snoepie pryslys is op die D6 gelaai.

OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS
Ons ontvang talle klagtes van ouers en inwoners dat ons ouers nie die padreëls gehoorsaam nie. Ons verneem dat ouers dubbel parkeer, teen die verkeer parkeer, voor die inwoners se opritte parkeer, ens. Ons vra u om asseblief die padreëls te gehoorsaam. Ons maak staat op u samewerking.

OUER-LEERLINGINLIGTING
Ons doen ‘n beroep op diegene wat nog nie die vorms voltooi het en skooltoe gestuur het nie, om dit so gou moontlik te voltooi en aan die klasonderwyser te stuur. Die administratiewe gedeelte by die kantoor moet afgehandel word.

HUISWERK
Ons wil tog vir u vra dat u hierdie jaar sommer van die begin af sal toesien dat die leerders gereeld hul huiswerk en ook sommer gereeld hersiening sal doen.

Die Gr. 4 – 7 leerlinge sal binnekort hul huiswerkboeke ontvang, en u moet asseblief gereeld useIf vergewis of daar iets in staan. Daar is geen verskoning vir leerlinge wat nie huiswerk doen nie. Boeke wat by die huis vergeet word, word beskou as huiswerk wat nie gedoen is nie.

Onthou asseblief, die opvoeding van die kind is nie net ons taak nie, maar ons is vennote in dié aangeleentheid. Let asseblief daarop dat die leerlinge hulle boeke daagliks volgens hulle rooster (volgens die dag) kan inpak.

BLOEDSKENK-UITDAGING
Hierdie jaar gaan die "Bloedskenk-uitdaging" verskil van ander jare. Waar ons in die verlede slegs een maand bloed geskenk het, nl. Februarie, gaan ons nou vier bloedskenk- geleenthede by die skool aanbied. Die doel is om gereelde skenkers te vestig.

Die eerste bloedskenk-geleentheid is by Tjokkerkapperjolle, op 8 Februarie. Die tweede geleentheid is in die tweede kwartaal as deel van ons mini-sportdag en die derde kwartaal by die basaar en een vierde geleentheid in die skoolsaal.

Daar gaan weereens 'n wenklas aangewys word, die klas met die meeste totale eenhede geskenk.
Ons vra jul om asseblief 'n daadwerklike poging aan te wend om hierdie jaar drie keer bloed te skenk. U is welkom om enige tyd bloed te skenk by die bloedskenktak van u keuse. Ondersteun u kind en red so lewens. Verdere inligting van SANBS volg.

FOTO'S: DINSDAG, 12 FEBRUARIE 2019
Die leerlinge moet boeke soos vir 'n gewone skooldag bring. Ons wil u versoek om ons te help sodat u kind korrek vir die dag geklee is. Slegs leerlinge wie korrek geklee is, sal afgeneem word. Ons vertrou u sal meehelp om 'n teleurstelling te voorkom.

Graad R: Volledige somerspeel-uniform met wit tekkies (geen ander skoeisel nie, asb.).
Graade 1 – 7: Seuns en dogters moet hul volledige somersdrag aanhê. (Baadjie asb.)

A: INDIVIDUELE PAKKETFOTO'S
R90 per pakketfoto (slegs C-pak) is **voor/op Dinsdag, 5 Februarie 2019** betaalbaar. As u 2 of 3 kinders in skool het, kan u hulle saam laat afneem as 1 pakket of elkeen apart as aparte pakkette, toon dit duidelik aan asb. (Skrywe volg)

B: NEEM VAN GROEPFOTO'S
Klasfoto's en ander groepfoto's word ook geneem. Die betrokke onderwysers sal u kinders laat weet wie betrokke is. Die bestelling en betaling van dié foto's sal sodra ons die groepfoto's ontvang het geskied.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AANDE
Ons beplan om weer maandeliks, elke eerste Vrydag van die maand, ouer-en-kind-tennisaande om 18:00 onder ligte by die sportveld te hou. Daar sal kos en koeldrank te koop wees. Die eerste aand sal op 1 Februarie 2019 afskop.

SKOOLGELDE 2019
Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 – 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R13 600	R 1 360	R 1 237
Tweede kind	R12 400	R 1 240	R 1 128
Derde kind	R8 600	R 860	R 782
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
Graad R (Maandeliks vooruit)	R13 600	R 1 360	R 1 237
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM: – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAALBAAR			

	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	***MUSIEK: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR***	
13:00/13:30 – 14:00	R 4 500	R 1 125	***PERIODE(S) P/W***	***PER MAAND (10 MNDE)***
14:00 – 17:30	R 6 680	R 1 670	*1*	*R 180*
13:00/13:30 – 17:30	R 7 800	R 1 950	*2*	*R 280*
			3	*R 410*

BANKBESONDERHEDE:

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2019. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of direk in ons bankrekening betaal.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2019 sal 'n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019 'n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLFONDS
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms by Mev. Laas afhaal en **voor of op 28 Februarie 2019**, vir oorweging deur die beheerliggaam, by haar inhandig. Die vorm moét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees.

Geen vrystellings wat in 2018 toegestaan is, word na 2019 oorgedra nie.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Die Here sal jul gebede hoor en vir julle vrede gee.
Num 6:26
God gebruik ons tye van gebed om ons so te verander dat ons dit wat as saad na ons toe kom, na ander sal aangee as bloeisels, en die bloeisels as vrugte.
Dawna Markova

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma - 28 Januarie	:	Klerewinkel: ***07:30-12:00*** Kuns: gr. R-2 ***13:30-14:30*** Kuns: gr. 3 ***14:00-15:00*** Kuns: gr 4-7 ***14:15 – 15:00*** Didaktiese klasse begin Krieket 0/13B teen Clarendon Park 2(Old Grey2)
Di - 29 Januarie	:	Kuns: gr. R-2 ***13:30-14:30*** Kuns: gr. 3 ***14:00-15:00*** Kuns: gr 4-7 ***14:15 – 15:00*** Krieket 0/11 B teen Super Strikers (Old Grey2)
Wo - 30 Januarie	:	Klerewinkel: ***12:00-14:30*** Krieket 0/13A teen Gelvan Hub (w) OOV Vergadering: 18:00
Do - 31 Januarie	:	Krieket 0/11A teen Verkenner (t) Dance Kids ballet gr. R: 13:15
Vr - 1 Februarie	:	Klerewinkel: ***07:30-12:00*** Drama: ***Gr. R – 2: 12:45 – 13:30*** Drama: ***Gr. 3 – 7: 12:45 – 13:45*** Eko-Newtons: ***Gr. 1 – 7 : 12:45 – 13:45***
Sat - 2 Februarie	:	Atletiek: Attie van Wyk (Framesby) Swem: C-ouderdom groepgala by Sunridge

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
23 Januarie	O/13 A	Muir College	LNP teken 136 vir 8 aan Muir teken 47 almal uit aan Reinhardt Welman neem 3 paaltjies vir 18 lopies Divan Els neem 2 paaltjies vir 15 lopies Jaco van Mosseveld neem 3 paaltjies vir 1 lopie LNP wen met 89 lopies
24 Januarie	O/11 A	Charlo	Charlo teken 156 vir 6 aan LNP teken 63 vir almal uit aan Tiaan Riekert teken 27 lopies aan Juandré Gouws neem 2 paaltjies LNP verloor met 65 lopies